

FINALE KONSEP

OOREENKOMS

**MET BETREKKING TOT DIE
GROTER STELLENBOSCH FORUMGEBIED**

1994-10-28

INHOUDSOPGAWE

NR	ONDERWERP	
1.	OMSKRYWINGS	3
2.	ONTBINDING	6
3.	INSTELLING VAN PLAASLIKE OORGANGSRAAD	6
4.	REGSOPVOLGING	8
5.	SAMESTELLING VAN PLAASLIKE OORGANGS- RAAD	8
6.	VUL VAN VAKATURES	9
7.	VERDERE FUNKSIES VAN PLAASLIKE OOR- GANGSRAAD	9
8.	BURGEMEESTER VAN DIE RAAD	11
9.	ONDERBURGEMEESTER VAN DIE RAAD	11
10.	VASTE KOMITEES	11
11.	UITVOERENDE KOMITEE	13
12.	PORTEFEULJES	14
13.	BESLUITNEMINGSPROSES	15
14.	TOELAE VAN RAADSLEDE	16
15.	WERKNEMERS	17
16.	MAGTIGENDE WETGEWING, VERORDENINGE EN PROSEDURES	18
17.	GEDRAGSKODE	19
18.	OPLEIDING	19
19.	TAAL	20
20.	BYWONING VAN AMPTELIKE VERGADERINGS	20

**OOREENKOMS MET BETREKKING TOT DIE GROTER
STELLENBOSCH FORUMGEBIED**

OOREENKOMS OPGESTEL EN AANGEHAAN DEUR EN TUSSEN

AFRICAN CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY

EN

AFRICAN NATIONAL CONGRESS

EN

BESTUURSKOMITEE VIR CLOETESVILLE / IDASVALLEI

EN

DEMOKRATIESE PARTY

EN

DORPSRAAD VAN KAYA MANDI

EN

EIKESTAD INWONERSVERENIGING

EN

JAMESTOWN ACTION GROUP

EN

JAMESTOWN BURGERLIKE VERENIGING

EN

JAMESTOWN GEBIEDSKOMITEE

EN

JOHANNESDAL BELASTINGBETALERS EN HUURDERSVERENIGING

EN

JOHANNESDAL BESTUURSKOMITEE

EN

KYLEMORE BELASTINGBETALERS EN INWONERSVERENIGING

EN

KYLEMORE BESTUURSKOMITEE

EN

MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH

EN

NASIONALE PARTY

EN

PAN AFRICANIST CONGRESS OF AZANIA

EN

PNIEL BESTUURRAAD

EN

PNIEL CIVIC ASSOCIATION

EN

SA NATIONAL CIVIC ORGANISATION

EN

STELLENBOSCH BELASTINGBETALERSVERENIGING

EN

STELLENBOSCH HOUSING ACTION COMMITTEE (SHAC)

EN

VRYHEIDSFRONT

EN

WES-KAAPSE STREEKSDIENSTERAAD

1. OMSKRYWINGS

In dié ooreenkoms het die volgende woorde die volgende betekenisse, tensy die verband anders aandui:-

"*Administrateur*" beteken die Administrateur soos omskryf in die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet Nr 209 van 1993);

~~"Bestuurskomitee" beteken die regspersoon, die Bestuurskomitee vir die gebied van Idasvallei en Cloetesville;~~

"*bykomende plaaslike liggeme*" beteken die Bestuurskomitee van Idasvallei en Cloetesville, die Dorpsraad van Kaya Mandi, dié Bestuurskomitee van Johannesburg, die Bestuurskomitee van Kylemore, die Bestuursraad van Pniel en die korporatiewe entiteit van die plaaslike gebied van Jamestown;

"die Wet" beteken die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet Nr 209 van 1993);

"Dorpsraad" beteken die Dorpsraad van Kaya-Mandi;

"Forum" beteken die onderhandelingsforum wat ingevolge Artikel 6 van die Wet deur die Administrateur erken word;

"Groep" beteken die Statutêre en/of Nie-Statutêre komponent van onderskeidelik die Forum en die Plaaslike Oorgangsraad, na gelang van die konteks;

"interimfase" het die betekenis wat in die Wet omskryf word;

"inwerkingtredingsdatum" beteken die datum waarop die proklamasie in werking tree;

"Munisipale Ordonnansie" beteken die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974);

"Munisipaliteit" beteken die Munisipaliteit van Stellenbosch;

"Nie-Statutêre Groep" beteken die lede van die Plaaslike Oorgangsraad soos geïdentifiseer in Aanhangsel "B", met inbegrip van enige van die alternatiewe lede wat vakatures vul;

"ooreenkoms" beteken die ooreenkoms wat hierin weergegee word;

"party" beteken 'n liggaam of instelling gemeld in die aanhef tot dié ooreenkoms en

"partye" beteken enigeen of almal daarvan, na gelang van die konteks;

"pre-interimfase" beteken die pre-interimfase soos omskryf in die Wet;

"Proklamasie" beteken die proklamasie wat ingevolge Artikel 10 van die Wet deur die Administrateur uitgevaardig word;

"Raad" beteken die Plaaslike Oorgangsraad soos ingevolge dié Ooreenkoms saamgestel;

"Raadslede" beteken die lede van die Plaaslike Oorgangsraad;

"Reglement van Orde" beteken die Standaardverordening insake die Prosedure en Handhawing van Orde op Vergaderings, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing (PK.411/1988);

"Stadsklerk" beteken die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van die Munisipaliteit van Stellenbosch;

"Stadsraad" beteken die gekose verteenwoordigers van die Munisipaliteit van Stellenbosch;

"Statutêre Groep" beteken die lede van die Plaaslike Oorgangsraad wat in Bylae "A" geïdentifiseer is, met inbegrip van enige alternatiewe lede wat vakatures vul.

2. ONTBINDING

Dat met ingang van die datum waarop die Proklamasie in werking tree, die Stadsraad en die bykomende plaaslike liggame ontbind en die ampstermyn van die Stadsraad en die lede van die bykomende plaaslike liggame beëindig word.

3. INSTELLING VAN PLAASLIKE OORGANGSRAAD

3.1 Dat met ingang van die inwerkingtreedingsdatum, 'n plaaslike oorgangsraad onder die naam Stellenbosch Plaaslike Oorgangsraad ingestel word vir die regsgebied van die Munisipaliteit van Stellenbosch waarby geïnkorporeer word die regsgebiede van die bykomende plaaslike liggame met die bevoegdhede, pligte en funksies van 'n Munisipaliteit, geregeer en verteenwoordig deur 'n Raad soos beoog in die Munisipale Ordonnansie en die Wet, met dien verstande dat niks in hierdie klousule vervat die Plaaslike Oorgangsraad verhinder om te onderhandel:

3.1.1 met liggame ingestel in Klappmuts en die landelike gebiede van Stellenbosch Landdrostrik of waar geen sodanige liggame bestaan nie, met verteenwoordigers van plaaslike regeringsliggame en/of plaaslike organisasies wat verteenwoordigend is van wesenlike sektore van die breër gemeenskap met 'n gevestigde belang in die politieke herstrukturering van plaaslike regering binne die betrokke regsgebiede, met die oog op die uitbreiding van die regsgebied van die Stellenbosch Plaaslike Oorgangsraad om moontlik die regsgebiede van sodanige liggame in te sluit, met dien verstande verder dat

sodanige onderhandelings en uitbreiding van die regsgebied word ooreenkomstig die bepalings van die Wet, geskied.

- 3.1.2 met soortgelyke liggame buite die metropolitaanse gebied van die Wes-Kaap met die oog op verhoë aan die Premier van die Wes-Kaap vir die instelling van 'n liggaam wat bekend staan as 'n diensteraad, substreekraad of distrikraad om gesamentlik bevoegdhede en pligte uit te oefen en te verrig met betrekking tot bepaalde plaaslike owerheidsfunksies vir sekere gedefinieerde nie-metropolitaanse gebiede met dien verstande dat sodanige diensteraad, substreekraad of distrikraad die bevoegdheid sal hê om streeksheffings bedoel in Artikel 12(1)(a) van die Wet op Streeksdiensterade, 1985 ten opsigte van die betrokke regsgebied te hef en te in en vir die voormelde plaaslike owerheidsfunksies dienslewering aan te wend en om heffingsinkomste ten opsigte van oorhoofse dienslewering asook vir projekte vir agtergeblewe gemeenskappe binne die regsgebied van die betrokke diensteraad, substreekraad of distrikraad op die voorgeskrewe wyse beskikbaar te stel.
- 3.2 Ongeag die inlywing sal die afsonderlike begrotings vir die 1994/95-finansiële jaar van die bykomende plaaslike liggame ten volle van krag bly tot die einde van die lopende finansiële jaar.
- 3.3 Dat die Raad bereid sal wees om indien die Wes-Kaapse Streeksdiensteraad dit verlang toe te stem tot voortgesette dienslewering deur die Streeksdiensteraad op 'n agentskapbasis teen dieselfde terme en voorwaardes as wat tans geld om die huidige bedryfsbegroting van die betrokke bykomende plaaslike liggame waar vir sodanige diens begroot is, ten uitvoer te bring binne die parameters van die 1994/95-begrotings en teen dieselfde norme en standaarde as wat gegeld het voor die inlywing van die betrokke plaaslike liggame.

4. REGSOPVOLGING

Die Munisipaliteit word met ingang van die inwerkingtreedingsdatum en onderworpe aan die bepalings van dié ooreenkoms vir alle doeleindes die regsopvolger van die bykomende plaaslike liggame; en

- 4.1 die eienaarskap van alle roerende en onroerende goed en ander bates van die bykomende plaaslike liggame gaan op die Munisipaliteit oor;
- 4.2 alle belasting, inkomste en ander gelde wat aan enigeen van die bykomende plaaslike liggame betaalbaar of deur laasgenoemde verhaalbaar is, is betaalbaar aan en verhaalbaar deur die Munisipaliteit;
- 4.3 alle ander regte en voorregte (met inbegrip van nominasie- en verteenwoordigingsregte) en al die verpligtinge en aanspreeklikhede van enigeen van die bykomende plaaslike liggame berus by en gaan oor op die Munisipaliteit, wat met alle vervolging- en verdedigde regsaksies met uitsluiting van enige regsaksies, insake onteiening reeds begin, wat deur of teen enigeen van die bykomende plaaslike liggame ingestel is, kan voortgaan en wat alle stappe wat nodig of raadsaam in verband met sodanige verrigtinge is, kan doen;
- 4.4 voorgaande paragraaf 4.3 is onderhewig aan die algemene afskrywing van skuld van die bykomende liggame ten opsigte van diensgelde vir dienste gelewer in agtergeblewe gebiede soos bedoel in die ooreenkoms tussen die voormalige Staatspresident en verteenwoordigers van ~~ander~~ politieke partye te Kempton Park. *Op 20 Jun 1994*

5. SAMESTELLING VAN PLAASLIKE OORGANGSRAAD

Die Raad bestaan gedurende die pre-interimfase uit 28 Raadslede, waarvan 14 die persone is wat in bygaande Aanhangsel "A" geïdentifiseer is en wat die benoemdes van die Statutêre Groep van die Forum is, en waarvan die ander 14 persone die persone is wat in Aanhangsel "B" geïdentifiseer is, en wat die benoemdes van die Nie-Statutêre

Groep van die Forum is, soos ooreengekom kragtens Artikel 5 van Bylae 1 van die Wet, met dien verstande dat niemand die amp van lid van die Raad mag aanvaar voordat hy of sy nie eers die ooreenkoms waarvoor in paragraaf 17.1 voorsiening gemaak word, aangegaan het nie.

6. VUL VAN VAKATURES

Ingeval enige vakatures in die Raad ontstaan as gevolg van die dood, bedanking of beëindiging van diens van 'n lid van die Raad of om 'n ander rede moet die betrokke vakature gevul word deur 'n persoon uit die geleedere van die bykomende kandidate genoem in Aanhangsel "C" in die geval van die Statutêre Groep en Aanhangsel "D" in die geval van die Nie-Statutêre Groep.

7. VERDERE FUNKSIES VAN PLAASLIKE OORGANGSRAAD

Die Raad sal:-

7.1 besondere aandag skenk aan:-

- 7.1.1 die opstel van een begroting vir die Munisipaliteit vir die 1995/96-boekjaar;
- 7.1.2 die koördinerings, rasionaliserings, verbeterings en breër lewering van dienste teen ooreengekome tariewe ten einde die agterstande in sekere gebiede van die Munisipaliteit uit te wis;
- 7.1.3 voorbereidings vir 'n toekomstige demokratiese munisipale verkiesing en in besonder die opstel van kieserslyste.

7.2 op sy eerste vergadering 'n Burgemeester en Onderburgemeester van die Raad by wyse van 'n gewone meerderheid kies, met dien verstande dat gemelde twee ampsdraers nie lede van dieselfde Groep is nie;

7.3 binne 14 (veertien) dae vanaf die inwerkingtreedingsdatum die volgende doen op 'n vergadering wat belê is uitsluitlik met die doel om lede aan te wys om in sy Uitvoerende en Vaste Komitees te dien en om as Raadsverteenwoordigers te dien in die verskillende liggame waarin die Munisipaliteit verteenwoordiging het:-

7.3.1 die Burgemeester, wat die benoeming van elke Komitee afsonderlik moet hanteer moet vrywilligers uit elke Groep aanvra om in dié Komitee te dien, onderhewig aan die bepalings van paragraaf 10.1.2 en ingeval die aantal vrywilligers -

7.3.1.1 nie die aantal vakatures oorskry nie, moet hy of sy die vrywilligers tot lede van die betrokke Komitee verklaar en met die volgende punt op die agenda voortgaan en na enige Komitee wat nog vakatures het, terugkeer nadat hy of sy al die Komitees afgehandel het, waarna hy of sy Raadslede wat nog nie lede van 'n Vaste Komitee is nie, deur loting moet toeken aan enige oorblywende vakatures in sodanige Komitees;

7.3.1.2 die aantal vakatures oorskry, moet die Burgemeester voortgaan om die lede van sodanige Komitee deur 'n geheime stemming per stembrief te bepaal waarin alle Raadslede vir die aantal vakatures in elke Groep stem. Sodanige stemming deur alle Raadslede gesamentlik en gevolglike vul van vakatures sal per Groep ooreenkomstig Artikel 40 van die Reglement van Orde geskied;

7.3.2 die Burgemeester sal dan genomineerdes vir die onderskeie verteenwoordigers op buiteliggame aanvra en ingeval die aantal nomi-

nasies die verskillende vakatures oorskry, *mutatis mutandis* voortgaan met 'n stemming soos bepaal in paragraaf 7.3.1.2;

7.4 lede tot die Uitvoerende en Vaste Komitees herkies op sy eerste gewone vergadering nadat 'n verkiesing ingevolge die Wet gehou is of op sy eerste gewone vergadering in die maand September in die jaar waarin sodanige verkiesing nie gehou word nie, met dien verstande dat die prosedure wat in paragraaf 7.3 hierbo uiteengesit word, *mutatis mutandis* op sodanige herkiesings van toepassing is.

8. **BURGEMEESTER VAN DIE RAAD**

Die Burgemeester van die Raad sal al die bevoegdhede, funksies en pligte wat in die Munisipale Ordonnansie en enige ander magtigende wetgewing aan 'n Burgemeester opgedra word, hê, uitoefen en verrig.

9. **ONDERBURGEMEESTER VAN DIE RAAD**

Die Onderburgemeester van die Raad moet die Burgemeester van die Raad met sy/haar pligte bystaan en in sy/haar afwesigheid vir hom/haar instaan.

10. **VASTE KOMITEES**

Die Raad:-

10.1 sal, 'n veelvoudige komiteestelsel bestaande uit 3 (drie) Vaste Komitees van die Raad bedryf, welke Komitees die volgende benamings sal kry:-

die Korporatiewe Dienstekomitee;

die Beplanning- en Ingenieursdienstekomitee; en

die Gemeenskapsdienstekomitee;

op die volgende grondslag:-

- 10.1.1 die Vaste Komitees moet uit 10 (tien) lede elk bestaan, welke vakatures gevul moet word soos bepaal in paragraaf 7.3;
- 10.1.2 alle Komitees van die Raad, met inbegrip van enige geleentheidskomitee, asook die Uitvoerende Komitee, moet uit 'n gelyke aantal lede uit elk van die Groepe bestaan;
- 10.1.3 die Burgemeester en Onderburgemeester van die Raad is *ex officio* lede van alle Vaste Komitees maar nie van die Uitvoerende Komitee nie, en word nie in terme van paragraaf 10.1.1 ingereken as permanente lede van die Vaste Komitee nie;
- 10.1.4 'n kworum van alle Komitees, met inbegrip van enige geleentheidskomitee asook die Uitvoerende Komitee, bestaan uit 50 % van die lede van die betrokke Komitee. Die Burgemeester en Onderburgemeester wat 'n vergadering *ex officio* bywoon sal vir doeleindes van die berekening van die kworum in ag geneem word;
- 10.1.5 elke Komitee met die uitsondering van die Uitvoerende Komitee sal op sy eerste vergadering sy eie Voorsitter/Ondervoorsitter kies, met dien verstande dat dié twee ampsdraers nie lede van dieselfde Groep mag wees nie;
- 10.1.6 geen Voorsitter van enige Komitee, met inbegrip van die Uitvoerende Komitee van die Raad, het 'n beslissende stem nie;
- 10.1.7 die Raad moet elke Raadslid aan minstens een van die Vaste Komitees toewys;

10.1.8 in die geval van 'n staking van stemme in 'n Vaste Komitee wanneer 'n gedelegeerde saak gehanteer word, moet die Voorsitter van die Komitee die aangeleentheid onder oorweging na die Uitvoerende Komitee verwys wat dit so volledig en doeltreffend soos die tersaaklike Vaste Komitee moet hanteer, met dien verstande dat die aangeleentheid na die Raad met 'n aanbeveling verwys word.

11. UITVOERENDE KOMITEE

Afgesien van die Vaste Komitees waarvoor in paragraaf 10 voorsiening gemaak word, moet daar 'n Uitvoerende Komitee wees wat uit 6 (ses) lede bestaan en op die volgende grondslag sal funksioneer:-

- 11.1 die Voorsitters van die drie Vaste Komitees plus 3 (drie) addisionele lede sal behoudens die bepalings van paragrawe 7.3.1 en 10.1.2 as lede van die Uitvoerende Komitee deur die Raad aangewys word.
- 11.2 Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Uitvoerende Komitee word deur die Raadslede by wyse van 'n gewone meerderheid verkies met dien verstande dat gemelde twee ampsdraers nie lede van dieselfde Groep is nie.
- 11.3 dit is nie 'n Komitee van eerste verwysing nie, behalwe dat indien omstandighede dit vereis en met die toestemming van die Voorsitter en Ondervoorsitter van die betrokke Vaste Komitee en nieestaanende die bepalings van paragraaf 11.2, dit as Komitee van eerste verwysing die aangeleentheid so volledig en doeltreffend soos die betrokke Vaste Komitee kan hanteer;
- 11.4 alle aangeleenthede wat deur 'n Vaste of ander Komitee van die Raad na die Raad verwys word, sal eers aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word vir besluitneming welke besluite bloot aanbevelings aan die Raad sal wees behoudens die bepalings van paragraaf 11.3;

11.5 die Raad sal geen aangeleentheid oorweeg tensy die Uitvoerende Komitee dit na hom verwys het vir besluitneming nie.

12. **PORTEFEULJES**

aanlyn met oop

12.1 Die Raad se werksaamhede sal onder die volgende portefeuljies ingedeel word:-

12.1.1 ✓ Algemene Administrasie en Noodbestuur;

12.1.2 Finansies en Staatkundige Ontwikkeling;

12.1.3 Toerisme en Tegnopark; → *meer*

Bosbou / Parke + Rekreasie

12.1.4 Personeeldienste;

12.1.5 Brandweer en Verkeersdienste;

12.1.6 Bosbou, Parke en Rekreasie;

12.1.7 Gesondheidsdienste;

12.1.8 Behuising; (HDP)

12.1.9 Ingenieursdienste; en

12.1.10 Beplanning en Ontwikkeling. *Tegnopark*

12.2 'n Voorsitter en Ondervoorsitter sal deur die Raad vir elk van die portefeuljies ingevolge paragraaf 7.3.1 saamgelees met paragraaf 10.1.2 met die statutêre en nie-statutêre groepe verkies word.

12.3 Die Raad se Vaste Komitees sal doelgerig die volgende portefeuljies hanteer:-

12.3.1 Korporatiewe Dienskomitee - portefeuljies gemeld onder paragrafe 12.1.1 tot en met 12.1.4;

- 12.3.2 Gemeenskapsdienstekomitee - portefeuljes gemeld onder paragrawe 12.1.5 tot en met 12.1.8; en
- 12.3.3 Beplanning en Ingenieursdienstekomitee - portefeuljes gemeld onder paragrawe 12.1.9 en 12.1.10.
- 12.4 Die Voorsitter van elke portefeulje sal in oorleg met die betrokke Vaste Komitee sy/haar items tydens die vergaderings van die betrokke Vaste Komitees gemeld onder paragraaf 10 stel.
- 12.5 Die Ondervoorsitter sal tydens die afwesigheid van die Voorsitter van die portefeulje instaan vir die betrokke Voorsitter.
- 12.6 Indien beide die Voorsitter en Ondervoorsitter van 'n betrokke portefeulje afwesig is, sal die Voorsitter of Waarnemende Voorsitter van die betrokke Vaste Komitee, die portefeulje se items stel.
- 12.7 Die Portefeuljevoorsitter sal ter voorbereiding vir die vergadering van die Vaste Komitee waar nodig met die betrokke Departementshoofde skakel.

13. **BESLUITNEMINGSPROSES**

Die Raad, Vaste Komitee en die Uitvoerende Komitee neem besluite op 'n grondslag van konsensus.

Indien konsensus nie bereik kan word nie, word besluite soos volg geneem:-

13.1 'n tweederdemeerderheid van die volle Raad ten opsigte van die volgende aangeleenthede word vereis:-

- 13.1.1 enige besluit oor die begroting, met inbegrip van, sonder om enigsins die algemene strekking van dié verklaring te beperk, die vasstelling van eiendomsbelasting, heffings, tariewe en diensgelde;

13.1.2 veranderinge aan die Reglement van Orde, Organisasoriese Strukture en Delegasies van Bevoegdheids soos dit van toepassing is/bestaar ten opsigte van die jurisdiksie van die Stadsraad van die Munisipaliteit net voor die inwerkingtreedingsdatum en soos gewysig deur dié ooreenkoms;

13.2 besluite wat die Raad oor stadsbeplanning neem, moet deur 'n meerderheid van sy volle lidmaatskap geneem word, wat nie sy bevoegdheid sal beperk om enige aangeleenthede bykomend tot die aangeleenthede wat reeds aan 'n Vaste Komitee gedelegeer is, te deleger nie. Alle besluite van 'n Vaste Komitee oor stadsbeplanningsaangeleenthede moet deur 'n meerderheid van die volle lidmaatskap van sodanige Komitee geneem word in gevalle waar dit aan sodanige Komitee gedelegeer is of kan word.

13.3 In alle ander gevalle neem die Raad besluite deur 'n gewone of spesiale besluit soos omskryf en vereis kragtens die Munisipale Ordonnansie en/of Reglement van Orde.

13.4 In alle ander gevalle neem die Vaste Komitee besluite met 'n meerderheid van stemme van aanwesige lede.

13.5 Indien die Uitvoerende Komitee nie konsensus oor enige aangeleentheid kan bereik nie moet dié Komitee 'n besluit neem met 'n tweederdemeerderheid van al sy lede. Indien die Komitee nie die vereiste meerderheidstemme verkry nie word die aangeleentheid na die volle Raad vir 'n finale beslissing verwys.

14. TOELAE VAN RAADSLEDE

14.1 Die Burgemeester en Onderburgemeester van die Raad en die Raadslede van die Raad ontvang aanvanklik dieselfde toelaes as wat net voor die inwerkingtre-

dingsdatum deur onderskeidelik die Burgemeester, Onderburgemeester en Raads-
lede van die Munisipaliteit ontvang is.

15. WERKNEMERS

15.1 Die werknemers van die bykomende plaaslike liggame word op die inwerkingtreddingsdatum na die Munisipaliteit oorgeplaas en moet werk by die Munisipaliteit aanvaar op dieselfde voorwaardes as die voorwaardes waarop hulle tans diens doen, tensy ooreengekom word tot 'n ander reëling tussen die werknemers en die Raad en onderworpe aan die bepalings van paragrawe 15.2 en 15.3 hiervan.

15.2 Die werknemers gemeld in 15.1 hiervan moet vanaf die inwerkingtreddingsdatum individueel:-

15.2.1 gekrediteer word met al die vakansie- en siekteverlof waarvan daar afdoende bewys gelewer kan word wat tot sy/haar krediet by sy/haar vorige werkgewer is;

15.2.2 ten opsigte van pensioengewende diens in die diens van sy/haar vorige werkgewer verrig, geag word dié pensioengewende diens in die diens van die Raad te verrig het;

15.2.3 ten opsigte van enige aantyging van wangedrag teen hom of haar uitstaande by sy/haar vorige werkgewer, ingevolge die voorwaardes wat op hom of haar van toepassing was terwyl hy of sy in sodanige diens gestaan het, gehanteer word tensy hy/sy toestemming tot 'n afwyking daarvan verleen.

15.3 Alle dispute wat vanaf die inwerkingtreddingsdatum tussen die Munisipaliteit en sy werknemers ontstaan oor die implementering van bogemelde oordragte en

enige daaropvolgende heraanwending van werknemers van die Munisipaliteit om uitvoering te gee aan die gees en letter van dié ooreenkoms moet na 'n Dispuutkomitee verwys word, soos beoog in **Aanhangsel "F"** van die ooreenkoms.

- 15.4 Dat die Stadsklerk gemagtig word om die werknemers genoem in paragraaf 15.1 in te skakel by een koste-effektiewe en doeltreffende organisasie binne ses (6) maande vanaf die datum waarop die Proklamasie in werking tree.

16. **MAGTIGENDE WETGEWING, VERORDENINGE EN PROSEDURES**

Ongeag die inlywing van die bykomende plaaslike liggame:-

- 16.1 is die wetgewing wat op die dag net voor die inwerkingtreddingsdatum vir die Munisipaliteit gegeld het, van toepassing op die Munisipaliteit tot die uitsluiting van enige strydige wetgewing wat vir engeen van die bykomende plaaslike liggame gegeld het;
- 16.2 niteenstaande die bepalings van paragraaf 16.1 moet die Verordeninge, eien-domsbelasting en dienstetariewe wat binne die onderskeie bykomende plaaslike liggame van toepassing was op die dag net voor die inwerkingtreddingsdatum steeds van volle krag binne die gebied van sodanige bykomende plaaslike liggame soos dit op die dag net voor die inwerkingtreddingsdatum bestaan het, bly, totdat dit opgehef, gewysig of vervang of daar andersins daarmee deur die Raad gehandel word en Delegasies van Bevoegdthede aan Komitees en aan beampies wat net voor die inwerkingtreddingsdatum in die Munisipaliteit gegeld het, van krag moet wees tot die uitsluiting van enige ekwivalente of strydige bepalings van engeen van die bykomende plaaslike liggame; en
- 16.3 is alle handelinge wat wettig of met die magtiging van engeen van die bykomende plaaslike liggame gedoen was, ten volle geldig en bindend op die Munisipaliteit.

17. **GEDRAGSKODE**

Benewens sy/haar gebondenheid deur die bepalings van die verpligte Gedragskode in die Wet:-

- 17.1 moet elke voornemende lid van die Raad, voordat hy of sy, sy of haar amp opneem, 'n ooreenkoms met die Raad aangaan en op die bepalings en voorwaardes uiteengesit in Aanhangsel "E" hierby;
- 17.2 moet elke lid van die Raad binne 21 (een en twintig) dae nadat hy of sy haar amp opgeneem het, 'n beëdigde verklaring of bevestiging soos bepaal in die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet nr 16 van 1963) aan die Stadsklerk voorlê waarin alle bronne of instansies waaruit inkomste verkry word, asook besonderhede van alle vaste eiendomsbesit binne die regsgebied van die Raad, volledig geopenbaar word met die oog op moontlike konflik van belange. Indien die gegewens in bogenoemde beëdigde verklaring of bevestiging wysig moet die betrokke lid van die Raad die Stadsklerk onverwylt dienooreenkomstig skriftelik inlig.

18. **OPLEIDING**

Alle Raadslede moet:-

- 18.1 binne 2 (TWEË) maande na ampsaanvaarding of sodanige langer tydperk as wat die Uitvoerende Komitee bepaal, 'n vooraf gestruktureerde oriënteringsprogram bywoon wat onder meer oor die funksies en verantwoordelikhede van Raadslede, begrotingsbeginsels, en die bedryf van die Munisipale organisasie handel;
- 18.2 binne 1 (EEN) maand na die verstryking van die tydperk gemeld in paragraaf 18.1 'n sertifikaat onder die hand van die Stadsklerk aan die Stadstesourier voorlê waarin verklaar word dat hy/sy bevredigend aan gemelde oriënte-

ringsprogram deelgeneem het, by versuim waarvan betaling van vergoeding aan sodanige lid opgeskort sal word, hangende ontvangs deur die Stadtesourier van die betrokke sertifikaat.

18.3 Indien 'n vakature in die Raad gedurende die pre-interimfase ontstaan en die vakature uit die lys van bykomende kandidate gemeld onder paragraaf 6 of andersins gevul word is die bepalings van paragrawe 18.1 en 18.2 *mutatis mutandis* vanaf datum van die vul van die vakature op sodanige kandidaat van toepassing.

19. **TAAL**

Alle items en verslae dien voor die Raad, Uitvoerende Komitee, Vaste Komitee en Geleentheidskomitees in die amptelike taal waarin dit ontvang of inisieer word. Raadslede sal geregtig wees om tydens die voormelde vergaderings in die ampstaal van hul keuse sake te stel.

20. **BYWONING VAN AMPTELIKE VERGADERINGS**

Ter wille van doeltreffende werkverrigting in gemeenskapsbelang word dit vereis dat Raadslede alle Raadsvergaderings, Vaste Komitee en Uivoerende Komiteevergaderings waarvan hulle lid is, stiptelik sal bywoon ooreenkomstig die volgende uiteensetting van dae en tye van vergaderings:-

20.1 Raadsvergaderings

12 (TWAALF) vergaderings per jaar synde een per maand en wel op Dinsdae vanaf 15:00 tot ongeveer 19:00 ten einde by die administratiewe program in te pas.

20.2 Uitvoerende Komitee

24 (VIER-EN-TWINTIG) vergaderings per jaar synde twee (2) per maand die eerste waarvan op 'n Dinsdag vanaf 14:00 tot ongeveer 17:00 en die tweede waarvan op die Dinsdag van die Raadsvergadering vanaf 13:30 tot 15:00.

20.3 Vaste Komitees

12 (TWAALF) vergaderings per jaar per Vaste Komitee synde een per maand op Maandae of Dinsdae om 14:00 tot ongeveer 17:00.

20.4 Ongeskeduleerde Spesiale/Ad Hoc/Geleentheidskomiteevergaderings

Verskeie ongeskeduleerde vergaderings vind op ander dae van die maand plaas wanneer nodig op ooreengekome tye.

OOREENKOMS

tussen

DIE PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN STELLENBOSCH

(hierna die "RAAD" genoem)

en

(hierna die "RAADSLID" genoem)

Die RAADSLID erken hiermee dat hy of sy 'n afskrif van die Gedragskode, Bylae "7" tot die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet Nr 209 van 1993) ontvang het en dat hy of sy met die bepalings daarvan vertrou is.

Die RAADSLID stem hiermee in en verbind hom of haar daartoe om binne 21 (een-en-twintig) dae nadat hy of sy sy of haar amp opgeneem het, 'n beëdigde verklaring of bevestiging soos bepaal in die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet Nr 16 van 1963) aan die **UITVOERENDE HOOF/STADSKLERK** voor te lê waarin alle bronne of instansies waaruit hy/sy inkomste verkry asook bronne van alle vaste eiendomsbesit binne die regsgebied van die Raad, volledig geopenbaar word. Indien hierdie gegewens daarna wysig, moet die Raadslid die Stadsklerk onverwyld dienooreenkomstig skriftelik inlig.

Die RAADSLID en die RAAD kom hiermee ooreen dat, indien die RAADSLID die bepalings en voorwaardes van dié ooreenkoms wesenlik oortree, die RAAD die reg sal hê om sy/haar diens as 'n RAADSLID van die RAAD te beëndig.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE STELLENBOSCH OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 19__ IN DIE AANWESIGHEID VAN DIE ONDERGETEKENDE GETUIES:

GETUIES

1. _____
2. _____

OOREENKOMS

AANGEGAAN DEUR

EN

TUSSEN

DIE STELLENBOSCH PLAASLIKE OORGANGSRAAD

EN

1


2

(hierna die VAKBONDE genoem)

Die partye kom soos volg ooreen:

1. Dat 'n Spesiale Dispuutraad ingestel word om alle kollektiewe en individuele dispute wat mag voortspruit uit die oorneem en heraanwending van die werknemers van die bykomende plaaslike liggame.
- 2.(a) Die partye sal by ooreenkoms 'n Arbitr aanstel. Die Dispuutraad sal bestaan uit slegs 1 (EEN) Arbitr.
- 2.(b) Indien 'n ooreenkoms verwys na in klousule 2(a) nie bereik word binne 5 (VYF) kalenderdae nie, sal:
 - die Vakbond 'n persoon nomineer; en
 - die werkgewer 'n persoon nomineer.

Die 2 (TWE) genommineerdes moet dan by ooreenkoms die Arbitr aanwys.



3. Die Dispuutraad sal die gesag hê om te arbitreer. Die arbitrasie sal gedoen word in terme van die Arbitrasie Wet 42 van 1965, soos gewysig, maar sal geregtig wees in die eerste instansie om ook die dispuut deur mediasie te besleg. Die besluit van die Arbitrer sal skriftelik gegee word en sal finaal en bindend wees op die partye. Die Arbitrer sal redes gee vir sy besluit.

Die ooreenkoms sal van toepassing wees op dispuite van werknemers van enige vakbonde, asook werknemers wat nie aan 'n vakbond behoort nie.

Tensy anders ooreengekom, sal arbitrasie beoog in paragraaf 1 in aanvang neem slegs nadat 'n werknemer vertoë betreffende die dispuut aan die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk voorgelê het en die dispuut nie binne 20 (TWINTIG) dae ná ontvangs van vertoë deur onderhandelinge opgelos kon word nie.

GETEKEN TE STELLENBOSCH HIERDIE _____ DAG VAN _____ 1994

GETUIES

1. _____

2. _____

UITVOERENDE HOOF/
STADSKLERK

GETEKEN TE STELLENBOSCH HIERDIE _____ DAG VAN _____ 1994

GETUIES

1. _____ 

2. _____ 